

LUCAS MEYER



LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

ASSESSERINGSBELEID

EKSAMEN/TOETSREEKS

1. Algemeen

- Skooldrag- en Algemene Skoolreëls geld steeds vir die tydperk van die eksamen.
- GEEN selfone word toegelaat nie.
- Afwesige leerlinge moet 'n doktersbrief by die registeronderwyser/es indien voor/op die dag van terugkeer. Slegs 'n doktersbrief sal geldig wees indien 'n leerling 'n eksamen nie afgelê het nie, anders sal 'n leerling 'n "nul" ontvang (sluit kreatiewe skryfwerk in).
- Tasse word toegemaak en buite die eksamenlokaal gelaat.
- Werk moet ten alle tye toegehou word.
- Indien 'n leerling die eksamenlokaal gedurende die eksamen wil verlaat weens ongesteldheid, sal hy/sy deur 'n personeellid vergesel word.
- Vraestelle & antwoordstelle word by die skool gestoor vir 5 jaar. Geen vraestel/antwoordstelle word aan ouers gegee of afskrifte word gemaak nie. Enige ouer is welkom om die vraestel/antwoordstel by die skool te besigtig.

2. Eksamenrooster/Tye

- Die rooster sal aan leerlinge gegee word en is ook op die kommunikeerder en skoolkalender beskikbaar.
- Die duur van vraestelle is soos volg:
Tale en Wiskunde 'n maksimum van 2 ure
Alle ander vakke 'n maksimum van 1.5 uur.
- Verloop van die Skooldag:

07:30 - 08:00	Register en Opening.
08:00 - 10:00	Eksamensessie (alle lokale eindig om 10:00).
10:00 - 10:30	Pouse.
10:30 - 12:00	Hersien volgende dag se vraestel (Drie halfuur sessies).
12:00	Leerlinge verdaag.
- Leerlinge mag tuis bly om te studeer op die dae wat hulle geen vraestel skryf nie. Diensdoende personeel is egter daaglik tot 14:00 by die skool teenwoordig vir die duur van die eksamentydperk.

3. Oneerlikheid

Met oneerlikheid word die leerling se antwoordstel en ongemagtigde hulpmiddels ("crip notes") onmiddellik ingeneem. Die leerling sal 'n nuwe antwoordvel/foliopapier ontvang. Die leerling skryf dan in die oorblywende tyd eksamen **SONDER ENIGE ADDISIONELE TYD**.

EKSAMEN/KONTROLETOETSE

Formele assessering word volgens hierdie standaard opgestel:

- Skrif: TeachersPet
- Skrifgrootte: 18
- 1.5 Spasiëring vir hele vraestel.
- Eksamen/toets voorblad moet bo-aan wees.
- Kyk asb vir spel- en/of tikfoute op elke vraestel en maak dit asb. reg.
- Vrae moet dieselfde nommer formaat hê en in lyn wees met vorige vraag.
- Bladsye moet genommer wees.
- Tel die punte op en maak seker daar is nie 'n fout nie.
- Hou die CAPS dokument in gedagte as jy na punte se totaal kyk.
- Kyk na die memorandum en maak seker die antwoorde is korrek.
- Kyk na die tipe vrae. Alles mag nie invulvrae wees nie.
- lewers moet leerlinge ook vol sinne vir antwoorde skryf.
- Vrae se totaal is aan die einde van die sin - regs onder mekaar in hakies ().
- Lyntjies getrek, moet gelyk wees aan die regterkant. Eenvormig asb.
- Besluit in elke vak oor die punte-optelling op tabel op die voorblad. Gebruik dit dan asb.
- CAPS - nuwe ding: Afdeling A bv. Kwartaal 3 se werk en Afdeling B is Kwartaal 4 se werk.
- Gee raad/positiewe kritiek waar nodig.

Aanvaar op : 11/3/2025

Geteken : _____

Voorsitter: Beheerliggaam

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL
POSBUS 99 - VRYHEID - 3100
TEL : 034-981 5006 / 034-981 5054
FAKS : 034-983 2127
e-pos : skool@luqasmeyer.org.za
DATUM : 11/3/2025

TEKEN: _____ DATUM: 11/3/2025

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____

TEKEN: _____ DATUM: _____